

**28 Junie**

**Skrifgedeelte: Filippense 1:1-10**  
**Fokusgedeelte: Filippense 1:10b, 11**

**Om onberispelik en sonder blaam voor God te wees**

Wanneer Jesus Christus weer kom, sal ons in die oë van God onberispelik en sonder blaam wees. Opreg en foutloos.

Dit sal tog nie kan nie! Selfs al probeer ek my bes om in gehoorsaamheid en harmonie met God te lewe, sal dit nie van my gesê kan word dat ek onberispelik en foutloos sal wees nie.

Tog is dit juis die Goeie Nuus wat verkondig word. Dit is die hart van die evangelie dat sondige mense voor God vrygespreek en geheilig word. Dat God na ons kyk deur die verdienste van sy Seun, Jesus Christus, en dat Hy ons aansien as sonder sonde.

Sonder Hom kan 'n mens nie regverdig voor God wees en dus in die regte verhouding met Hom lewe nie.

Hierdie besef moet 'n mens egter nie passief maak en met 'n traak-my-nie-agtige houding hier op aarde laat lewe nie. Hierdie woorde vorm deel van 'n gebed van Paulus vir die gemeente in Filippi. Hy bid dat die gemeente sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling en dat dit dan daartoe sal lei dat hulle op die dag van Christus se koms onberispelik en sonder blaam sal wees.

Die gelowige, wat in Christus geheilig is en deur Jesus Christus in die regte verhouding met God gebring is, moet steeds in liefde toeneem en so in begrip en fyn aanvoeling onderskei wat werklik belangrik is.

Dit roep ons as gelowiges op om daadwerklik in liefde te groei. Dit roep ons op om die dinge te onderskei waarop dit werklik aankom. Ons moet nie minder belangrike dinge bepalende dinge in die geloof maak nie. Dit is net deur Jesus Christus wat ons onberispelik en sonder blaam voor God sal wees.

*Sing: Skrifberyming 18-1:4, 5*

*Ds. HS Coetzee (Potchefstroom-Noord)*